# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 199 · 7 FEBRUARIE 2020**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek wil graag die volgende sake onder u aandag bring:

AKADEMIE
Ons ekstra klasse vir Wiskunde het op 3 Februarie 2020 begin. Alle ouers moet by leerders verneem of hulle daar moet wees, al dan nie. Verskeie leerders is geïdentifiseer en het briewe ontvang, maar het nie opgedaag nie. Ouers, hierdie is 'n geleentheid wat dié leerders nie mag misloop nie.

Indien 'n leerder nie geïdentifiseer is nie, maar graag die klasse wil bywoon, kan die volgende personeel gekontak word:

Mev. M. Janse van Rensburg · Graad 8-9 (margajvr@gmail.com)
Mev. C. Loftus · Graad 10-12 (cloftus@framesby.co.za)

AFWESIGHEID
Indien leerders laat kom, sal hulle in voogklasse afwesig gemerk word. Hulle MOET egter by die Algemene Kantoor aanmeld voordat hulle by die klasse aansluit. Dit is baie belangrik, want alle afwesige leerders se ouers word elke dag geskakel.

NETHEID
Respek en betroubaarheid is twee van ons kernwaardes. 'n Netjiese leerder dra hiérdie waardes uit. Ons doen dus 'n vriendelike beroep op ouers om toe te sien dat alle leerders netjies geklee is. Daar is veral seuns wat nalaat om te skeer. Maak asseblief seker dat u seun netjies geskeer is voordat hy die huis verlaat.

SOSIALE MEDIA-ONDERNEMING
Alle leerders het die sosiale media-onderneming in hul dagboekie geteken. Maak asseblief seker hulle pas dit toe. Sosialemedia kan 'n baie gevaarlike platform wees. U móét met u kind in gesprek tree oor die korrekte gebruik daarvan.

SKOOLFONDS
Ouers, 'n beroep word op u gedoen om die regte ding te doen en u skoolfonds getrou te betaal. Ek lys die volgende redes waarom u 'n bydrae móét maak.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**SATERDAG**
Caitlin Eiman Gr12
André Kapp Gr12
Brooklynn West Gr8

**SONDAG**
Mark du Piesanie Gr9

**MAANDAG**
Danéll Botha Gr8
Jade Francois Gr9

**DINSDAG**
Andrea Hanekom Gr12
Josiee-Lee Strauss Gr10

**WOENSDAG**
Ivania Fourie Gr8
Tristin Kearns Gr10
Jolene Nel Gr9
Trischka Stapelberg Gr10
Janique Terblanche Gr8

**DONDERDAG**
GEEN

**VRYDAG**
GEEN

## BELANGRIKE DATUMS

**28 Februarie 2020**
Gr8 2021 aansoeke open

**7 April 2020**
Bekendstellingsaand

**10 Novemeber 2020**
Gr8 Inligtingsaand

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR**

Herbie's Buyers & Sellers
Buyers & Sellers of furniture & appliances

**HERBIE STRAUSS**

**Buyers & Sellers · 082 579 1541 · strausshm@telkomsa.net**

U kind het die volgende voordele:

(a) Kleiner klasse as gevolg van sestien beheerliggaamposte
(b) Omgee-onderwysers
(c) Ekstra Wiskundeklasse (elke middag)
(d) Ekstra klasse in ander vakke
(e) Uitstaande sportfasiliteite wat al hoe meer uitgebrei word
(f) 'n Wye vakkeuse
(g) Weeklikse Wiskunde- en Wiskundige Geletterdheid-toetse word geskryf
(h) Mededinging op verskeie gebiede teen die beste skole

Hierdie is net 'n paar feite wat u al hoe meer moet aanmoedig om u kant finansieel te bring. Dink net watter geleenthede ons vir ons leerders kan skep as ons 'n 100%-betaalkultuur het.

FINANSIES
Enige navrae rakende skoolfonds, asook bewyse van betaling, kan aan mev. Rhodé Terblanche by rterblanche@framesby.co.za gerig word.

Vriendelike groete
Mnr. M. Germishuys

## MATRIEKDAG 2020

**Met perfekte somerweer, kreatiewe en energieke matrieks, en onderwysers, adminpersoneel en ouers wat slaggereed was om ons kinders se veiligheid op die uitstappie te verseker, was die Matriekdag 'n reuse sukses. Die dag is by Van Stadensriviermond gehou en aktiwiteite is deur Get Real Adventures aangebied. Daar was 'n goeie balans tussen georganiseerde aktiwiteite wat die kompetisie-gees aangeblaas het en sommer net lekker kuier en swem. Die waatlemoen-mascots en spanvlae het van ons matrieks se kreatiwiteit getuig. Die vasberadenheid waarmee elke groep die spankompetisies benader het, wys waarom hierdie matriekgroep uitblinkers op sportgebied is. Dit was werklik 'n onvergeetlike dag waaroor ons nog lank sal kan gesels. Ons hoop die matrieks is nou slaggereed om ook die akademiese jaar aan te pak, na al dié pret.**









Herbie's Buyers & Sellers
Buyers & Sellers of furniture & appliances
Buyers & Sellers · 082 579 1541 · strausshm@telkomsa.net

# FRAMESBY IS TROTS OP...

## UITSLAE VIR DIE WEEK

**DOGTERSKRIEKET:**
Victoria Park kolf eerste - kry 76 in 20 boulbeurte. Framesby behaal die telling in ag boulbeurte met Monique 22 (nie uit nie) en Kayla 31 (nie uit nie). Krissie van Rooyen en Marlie Niemand was die beste boulers vir Framesby. Framesby wen met tien paaltjies.

**SEUNSKRIEKET:**
o.14 B vs Motherwell: Motherwell 113 vir 3 . Framesby 83 vir 9. Motherwell wen met 20 lopies.
o.15 B vs Victoria Park: Framesby 115 vir 5. Hein Terblanche teken 45 lopies aan. Victoria Park wen met die laaste bal.
Derde span vs Cape Receife: Framesby 120 vir 9. Ruben du Preez 25 en Hanno vd Merwe 24 is die beste kolwers. Cape Receife is almal uit vir 88. Beste bowler Mitchell Emslie met 4/11. Framesby wen met 32 lopies.
o.14 A vs Brandwag: Brandwag 60 almal uit. Beste boulers: Ryan Rousseau 8/2 en Jason Nel 19/3. Framesby behaal telling met twee paaltjies plat. Waldo van As 19* en Taine Douw 16* was die beste kolwers. Framesby wen met agt paaltjies.
o.15 A vs Brandwag: Brandwag 163/8 in 35 beurte. Beste boulers: Luwagen Goliath 4/20 en Teagon Ludwig 2/22. Framesby benodig 164/4. Beste kolwers: Jaden Landman 41* en Luwagen Goliath 25. Framesby wen met ses paaltjies.
Tweede vs Brandwag: Brandwag kolf eerste waar almal op 145 uit is. Beste boulers: Dillan Esterhuizen 4/40 en André Kapp 3/10. Framesby behaal 151/5. Beste kolwer: André Kapp 36*. Framesby wen met ses paaltjies.
1ste vs Brandwag: Brandwag is almal uit vir 130. Beste boulers: Corné Ferreira 3/25 en Tiaan Black 2/14. Framesby 133/3 na 21 beurte. Beste kolwers: Corné Ferreira 64 en Corné Gerber 31*. Framesby wen met sewe paaltjies.

**TWEEKAMP:**
Framesby se Tweekampspan het tydens die afgelope naweek se Interprovinsiale Tweekamp byeenkoms in Oudtshoorn uiTstekend gevaar. Hulle het die algehele skole kompetisie gewen. Hoërskool Outeniqua was tweede en Marlow derde (Wiehan Smith 1ste ; Zanri Black 2de en Juwan Wium 2de).



Herbie's Buyers & Sellers
Buyers & Sellers of furniture & appliances
Buyers & Sellers · 082 579 1541 · strausshm@telkomsa.net

# FRAMESBY IS TROTS OP...

## UITSLAE VIR DIE WEEK

**TENNIS:**
Drie Framesby spelers is in Oos-Kaap tennisspan ingesluit. Hulle verteenwoordig die Oos-Kaap in Pretoria by die die Nasionale Hoërskole Toernooi vanaf 9-12 April. Hulle is Leila Nel (dogters 0/15), Keaton Holm (seuns 0/15) en Monique van Rooyen (dogters 0/19).

TENNISLIGA:

DOGTERS:
Vierdes vs Riebeeck verloor 8 – 4
Derdes vs Despatch wen 10 – 2
Tweedes vs Theodore Herzl verloor 9 – 5
Eerstes vs Brandwag wen 11 – 3

SEUNS:
Eerstes vs Grey verloor 14 – 0
Tweedes vs St.Dominics Priory wen 12 – 1
Derdes vs DF Malherbe wen 12 – 0
Vyfdes vs Pearson wen 8 – 4

**GIMNASTIEK:**
Leolin Petersen het gedurende die Desember vakansie die SA span verteenwoordig in Tokyo. Sy het ‘n algehele 11de plek behaal in die trampoline afdeling. Sy gaan moontlik in Mei aan die Afrika Kampioenskappe in Namibië deelneem.

**SWEM: B – LIGA GALA BY NEWTONPARKSWEMBAD:**
Die volgende uitslae ten opsigte van swem: Annica Botha (agtste in50m rugslag en vierde in 50m vryslag), Alex Jamneck (vyfde in 50m vryslag), Carla Landman (vierde in 50m borsslag en vierde in 50m vryslag), Henry Muller (sesde in 50m borsslag en negende in 50m vryslag), Xander Myburgh (sewende in 50m vlinderslag, sesde in 50m rugslag, agtste in 50m vryslag en eerste in 100m rugslag), Lara Nel (tiende in 50m borsslag), Chloe Steyn (tweede in 50m vlinderslag, rugslag, borsslag en vryslag).

**WISKUNDE:**
Ons is baie trots op Tiaan De Beer (graad 10) wat die besondere voorreg gehad het om tydens die afgelope Desembervakansie (8 tot 12 Desember 2019) 'n Wiskundekamp te kon bywoon. Dit is deur die South African Mathematics Foundation (SAMF) by die Universiteit van Stellenbosch aangebied. Tiaan was die enigste leerder uit die Nelson Mandela Baai streek wat na die kamp uitgenooi is. Benewens die gevorderde Wiskunde wat Professor Pillay (Universiteit van Kwazulu-Natal) met die leerders behandel het, is hulle ook spesifiek vir deelname aan toekomstige Wiskunde olimpiades voorberei . Bywoning van die kamp is die eerste stap vir moontlike insluiting in 'n Suid-Afrikaanse span. Tiaan het dit terdeë geniet en gaan vanjaar weer eens aan soveel moontlik Wiskunde Olimpiades en opleidingsprogramme deelneem. Hou só aan, Tiaan!







Herbie's
Buyers & Sellers
Buyers & Sellers of furniture & appliances
Buyers & Sellers · 082 579 1541 · strausshm@telkomsa.net

# FRAMESBY IS TROTS OP...

## UITSLAE VIR DIE WEEK

**Sone 3-atletiek:**
Sowat 180 Framesby-atlete het aan die Sone-atletiekbyeenkoms, wat by Framesby plaasgevind het, deelgeneem. Ons behaal 83 eerste plekke en sodoende dring 150 Framesby-atlete deur na die PE Hoërskole- byeenkoms wat 7 en 8 Februarie by NMU sal plaasvind. Jaco Pretorius(seuns 0/15) behaal drie eerste plekke, nl. gewigstoot, spiesgooi en diskus. Die volgende atlete behaal twee eerste plekke: Simone Louw (dogters 0/14-in die 400 en 800m), Anri van Zyl (dogters 0/15-in die 100 en 200m), Zanri Black (dogters 0/15-in die 400 en 800m), Trischke Stapelberg (dogters 0/16-100 en 200m), Charnleigh Kotze (dogters 0/16-gewigstoot en diskus), Anya Weyers (dogters 0/17-100 en 400m), Monique van Rooyen (dogters 0/17-gewigstoot en spiesgooi), Gerhard Venter (seuns 0/16-800 en 1500), Trevor Venter (seuns 0/16-400 en spiesgooi), Wehan Smith (seuns 0/17-800 en 1500), Logan Muller (seuns 0/15-800 en 1500) en T. Afrika (seuns 0/16-100 en 200).

Die volgende atlete het almal 'n eerste plekke behaal: Chloe Steyn (100m), Simone Louw (400 en 800m), Leolen Pietersen (200M), Ruzanne Du Randt (hoogspring), Anja Vorster (spiesgooi), Anri Van Zyl (100 en 200m), Zanri Black (400 en 800m), Anel Strauss (1500m), Edon Snyman (verspring), Karla Strydom (hoogspring), Leila Nel (gewigstoot), Mienke Deyzel (spiesgooi), Jana Terblanche (diskus), Trischke Stapelberg (100 en 200m), Anke Scheffer (1500m) en Leigh Snyman (verspring).





## ·PROGRAM VIR DIE KOMENDE WEEK·

| SATERDAG 8 FEB | SONDAG 9 FEB | MAANDAG 10 FEB | DINSDAG 11 FEB | WOENSDAG 12 FEB | DONDERDAG 13 FEB | VRYDAG 14 FEB |
|---|---|---|---|---|---|---|
| · **VCSV** - takkamp<br>**Krieket** teen Outeniqua. 1ste en 0/15 (W)<br>· **Dogterkrieket** -Hudson Park (W) | · **VCSV** - takkamp | · **Ghofliga**<br>· **VCSV** omgeeweek | · **Dogterskrieket** teen DFM (T)<br>· **VCSV** omgeeweek | · **Tweekamp** OP Kampioen-skappe<br>· **VCSV** omgeeweek | · **Dogterskrieket** teen DFM (T)<br>· **VCSV** omgeeweek<br>· **Senior English Debating** | · **Valentynsdans**<br>· **VCSV** omgeeweek<br>· **Paint run**<br>· **Filantrope**<br>· **Tennis** Union High (W)<br>· **Gholf** Eersterivier<br>· **FOV** Burgeraand |

Herbie's Buyers & Sellers
Buyers & Sellers of furniture & appliances
**Buyers & Sellers · 082 579 1541 · strausshm@telkomsa.net**

# AKADEMIESE TOP 20 - NOVEMBER 2019

**GRAAD 8**
20) LANDMAN, Carla May
19) VAN RENSBURG, Christél
18) DREYER, Lara
17) LANDMAN, Megan
16) TERBLANCHE, Jana
15) DE RIDDER, Anika
13) VAN ROOYEN, Tiaan
13) VENTER, Déwan
12) WHITTLE, Juan Thurston
11) CONRADIE, Incke
10) GELDENHUYS, Justin
8) DILLON, Melissa Angelique
8) FOURIE, Herman
6) VAN JAARSVELD, Elanca
6) VAN SCHALKWYK, Kristien
5) GELDENHUYS, Chanté
4) HATTINGH, Ilze
3) STEYN, Chanélle
2) OTTO, Milla
1) OOSTHUIZEN, Heila Tara

**GRAAD 9**
20) VAN NIEUWENHUIZEN, Cari
18) GYSMAN, Keanan
18) LE GRANGE, Melissa
17) STRAUSS, Josie-Lee Josie-Lee
16) DE BEER, Tiaan
15) VENTER, Gerhard
14) CRONJE, Henri Fourie
13) KOEN, Tristan
11) BOTHA, Anzelle
11) JAMNECK, Alexander
10) NORTJÉ, Tiaan
8) NIEKERK, Shanique
8) ZULCH, Anke
7) WESSELS, Leandri
6) ROUX, Cara Miette
5) NELL, Luke Christian
4) VENTER, Monique
3) STAPELBERG, Thriscka
2) SHARP, Marno
1) SCHEFFER, Anke

**GRAAD 10**
20) HILL, Chloe
19) VAN HEERDEN, Shani
18) ELS, Charlize
17) VORSTER, Stefan Willem
15) SMITH, Wehan Evert
15) SWARTS, Bianca
14) GELDENHUYS, Lianca
13) KOTZE, Ischke
10) JANSE VAN RENSBURG, Chandré
10) POTGIETER, Ruark
10) VAN RHYN, Tana Louise
9) LOUW, Larunette Marunelle
7) BEZUIDENHOUT, Jimé
7) VILJOEN, Clarisse
6) STRAUSS, Lara
5) VAN STADEN, Leoné Elizabeth
4) VLOK, Nikhe
3) SMITH, Shanel
2) DU RANDT, Simoné
1) BOUWER, Tiaan Jacobus

**GRAAD 11**
19) DE LANGE, Erik Albert
19) VAN DER MERWE, Izak Pieter
18) OPPERMAN, Dylan Luke
17) OLLEWAGEN, Mieke
16) VERSTRAETEN, Michaela
15) SCHUTTE, Christiaan Ernst
14) DE LANGE, Ankia
13) STUMKE, Janneke
12) VAN STADEN, Anke
11) MUNRO, Dané
10) LANDMAN, Taryn
8) KOEN, Marcus
8) LOUW, Marika Leonie
7) BORMAN, Jurgens
6) VAN EEDEN, Franco
5) SLATER, Leanrey
4) OTTO, Lize-Mé
3) LE GRANGE, Simoné
2) BARNARD, Karla
1) SCHEFFER, Karla

Herbie's Buyers & Sellers
Buyers & Sellers of furniture & appliances
**Buyers & Sellers · 082 579 1541 · strausshm@telkomsa.net**




# Herbie's

## Buyers & Sellers

**Buyers & Sellers of furniture & appliances**

355 Kempston Road, Korsten - 041 451 0627 | 421 Govan Mbeki Avenue - 041 484 3563

## STOCK WANTED

- ***ANTIQUES***
- ***BEDS (SINGLE, DOUBLE, BUNK)***
- ***BEDROOM SUITES***
- ***DININGROOM SUITES***
- ***DRESSING TABLES***
- ***LOUNGE SUITES***
- ***WARDROBES***
- ***WALL UNITS***
- ***FRIDGES / FREEZERS***
- ***STOVES***
- ***CUTLERY / CROCKERY***
- ***KITCHEN EQUIPMENT / UTENSILS / ORNAMENTS***
- ***KITCHEN SETS & SCHEMES***
- ***TOOLS / POWERTOOLS / BUILDING MATERIAL***
- ***TELEVISIONS, ETC.***

**WE COLLECT - BEST PRICES - FREE QUOTES - CASH PAID - HASSLE FREE**

# HERBIE - 082 579 1541

***KEEP ME 'TILL YOU NEED ME***

ACTISOL 159 t/a Herbies Buyers and Sellers    Reg No. 2006/028846/23    VAT Reg No. 4710231863